

Gr 9 Oorsig: Afrikaans Huistaal

Kwartaal	Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind		
Kwartaal 1	Drama Week 1-5 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Luister Ass 1,4,6 Lu 2 Praat Ass 1,4,5,6 Lu 3 Less en Kyk Ass 1,2,6,10 Lu 4 Skryf Ass 1,3,4 Lu 5 Dink en Redeneer Ass 1 Lu 6 Taalstrukture Ass 1,2,3,4,5,6	Multimedia Week 6-9 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,2,7 Lu 2 Ass 2,3,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10 Lu 4 Ass 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6	Gedigte Week 10 – 11 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,5 Lu 3 Ass 1,5,8,10 Lu 4 Ass 1,3 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5
Kwartaal 2	Tekste uit ander leerareas Week 1-4 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2,3,7 Lu 2 Ass 2,5,6	Kortverhale/Novelle/Fabel Week 5-8 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,5,6 Lu 2 Ass 1,4,5,6	SAT Week 9-11

	<p>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10 Lu 4 As 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4 Lu 6 Ass 1,2,3,4,6</p>	<p>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10 Lu 4 Ass 1,3,4 Lu 5 Ass 1 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6</p>	
Kwartaal 3	<p>Gedigte Week 1-2 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,5 Lu 3 Ass 1,5,8,10 Lu 4 Ass 1,3 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5</p>	<p>Tekste uit ander leerareas Week 3-6 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2,3,7 Lu 2 Ass 2,5,6 Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10 Lu 4 As 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4 Lu 6 Ass 1,2,3,4,6</p>	<p>Kortverhale/Novelle/Fabel Week 7-10 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,5,6 Lu 2 Ass 1,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10 Lu 4 Ass 1,3,4 Lu 5 Ass 1 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6</p>
Kwartaal 4	<p>Multimedia Week 1-3 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2,7 Lu 2 Ass 2,3,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10 Lu 4 Ass 1,2,4 Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6</p>	<p>Drama Week 4-7 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,4,6 Lu 2 Ass 1,4,5,6 Lu 3 Ass 1,2,6,10 Lu 4 Ass 1,3,4 Lu 5 Ass 1 Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6</p>	<p>EATS Week 8 – 10 <u>Maandag 16 Nov tot Maandag 30 Nov 09</u></p>

Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur 'n informele taak

LESPLAN

(multimedia)

Afrikaans Huistaal

Konteks: Koerante – die storie agter die nuus

Tyd:	3 weke	Graad:	9
LU EN ASS	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<u>Lu 1 Luister</u> As 2 Luister aandagtig vir spesifieke inligting en hoofgedagtes en reageer gepas: maak gevolgtrekkings; besin oor inligting en menings, stel indringende vrae en bevraagteken waar nodig. As 7 Identifiseer en bespreek die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.	<p><u>Nota aan onderwyser:</u> (sien jou Prov Ass Guideline bl. 16)</p> <p>Die formele take vir hierdie kwartaal is:</p> <p>Taak 6 van die vorige kwartaal moet nou afgehandel word</p> <ul style="list-style-type: none">• 'n Begripstoets 25 punte• Taal 30 punte• Letterkunde (derde genre) 45 punte <p style="text-align: center;">Totaal: 100</p> <p>Hopelik het almal nou al die nuwe puntelys ('recording sheet') vir hierdie kwartaal gekry.</p>		<p>Leerders het elkeen sy eie boek en volg terwyl die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterke akademiese maat wat hom ten alle tye bystaan</p> <p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat</p>
<u>Lu 2 Praat</u> As 3 Toon basiese praatvaardighede in 'n			

<p>verskeidenheid mondeling tekssoorte:</p> <p>verduidelik tegnologiese prosesse en ondersoek komplekse idees op 'n logiese manier, soos die gebruik van 'n rekenaar;</p> <p>voer onderhoude doeltreffend deur gevorderde tegnieke vir onderhoudvoering te gebruik (soos stel komplekse vrae).</p> <p>As 4 Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, debatte en ondersoeke deel te neem:</p> <p>bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);</p> <p>stel ondersoekende vrae;</p> <p>oorreed ander;</p> <p>toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;</p> <p>bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.</p> <p>As 5 Doen mondelinge aanbiedings akkuraat en kreatief deur aandag te skenk aan:</p> <p>die gebruik van pauses, die wisseling van tempo en volume op strategiese plekke;</p> <p>doel en teikengroep;</p> <p>liggaamshouding, gebare, liggaamstaal en gesigsuitdrukking om die gehoor te boei;</p> <p>verskeie aanbiedingsmetodes;</p>	<p>Berei jou leerders voor vir die EAT deur die volgende multi-media aktiwiteite te doen. Ons weet in elke geval nie wat die onderwerp van die EAT gaan wees nie. Daarom beveel ons aan dat jou leerders wyd begin lees.</p> <p>Aktiwiteit 1</p> <p>Weet jou leerders wat is voorbladstorie, hoofartikel, koerantartikel, spotprent, sportberig, profielonderhoude, ondersoekende berigte, resensies en het hulle al die mense se brieue in die brieue kolom gelees?.</p> <p>Sorg dat daar 'n verskeidenheid van koerante in jou klaskamer is. Let op hoe opskrifte geskryf word. Dit het nooit 'n punt nie, maar wel leestekens soos kommas. Om 'n goeie opskrif te skryf, is 'n kuns. Rymwoorde, alliterasie en assonansie verhoog die trefkrag.</p> <p>Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan leer wat die kenmerke van 'n koerantberig is. Die leerders gaan hul lyf joernalis hou en 'n onderhoud voer en dan gaan hulle 'n koerantberig oor die onderhoud skryf.</p> <p>Die leerders moet op die internet gaan navorsing doen en kyk of hulle plekke in 'n wêreldatlas kan naslaan.</p> <p>Aktiwiteit 2 (ons voor 'n onderhoud)</p> <p>Die leerders moet hul verbel hulle is joernaliste. Die nuusredakteur (onderwyser) gee die leerders die opdrag om 'n onderhoud te voer met 'n vrou wat 'n groot protes-optog reël teen stort van afval in die Nahoonrivier.</p> <ul style="list-style-type: none"> ➤ Hoe sal jy as joernalis te werk gaan om die vrou se telefoonnummer of e-posadres op te spoor? ➤ Watter vrae sal jy vir haar vra? Skryf die vrae neer. ➤ Rolspel nou die onderhoud met jou maat. Skryf dan 	<p>Onderwyser</p> <p>Self/leerder</p> <p>Voorbereide toespraak</p> <p>rubriek</p>	<p>hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en geduldig</p> <p>Gee individuale bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n glimpen ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p>Leerders met 'n spraakgebrek</p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p>
--	--	---	--

<p>register;</p> <p>stemtoon</p> <p>formaliteitsgraad</p> <p>verskillende sosiale en kulturele konvensies;</p> <p>gepaste tegnieke soos klimaks, antiklimaks, hiperbool</p> <p>As 6 Evaluateer die sukses van eie kommunikasie en verbeter daarop.</p> <p><u>Lu 3 Lees en Kyk</u></p> <p>As 2 Lees onafhanklik, hardop en stil vir verskillende doeleinades deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).</p> <p>As 3 Bespreek en verduidelik die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.</p> <p>As 4 Toon begrip van 'n wye verskeidenheid informatiewe tekste:</p> <p>identifiseer hoofgedagtes en maak 'n opsomming;</p> <p>verduidelik hoe besonderhede hoofgedagtes ondersteun;</p> <p>evalueer idees;</p> <p>beoordeel die geldigheid van argumente en maak gevolgtrekkings op grond van bewyse;</p> <p>bespreek verskillende standpunte;</p> <p>onderskei tussen menings en feite.</p> <p>As 5 Bespreek verskillende tekssoorte en verduidelik</p>	<p>'n berig. Lees mekaar se berigte en help om dit te verbeter.</p> <p><u>Wenke vir die voer van 'n onderhoud</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Win eers inligting in oor die ondrwerp en die persoon met wie die onderhoud gevoer word. 2. Skryf jou vrae uit en laat ruimte vir die antwoorde 3. Wees hoflik tydens die onderhoud 4. Vra vrae waarop nie net "Ja" of "Nee" geantwoord kan word nie, bv. "Hoe het dit gebeur dat....?" "Wat dink jy van?" "Hoe voel jy oor ...?" "Wat was die oorsaak...?" "Wat het voorheen gebeur...?" "Hoe voel u daaroor...?" "Hoe werk dit....?" "Wat is baie sleg?" ""Wat is die gevolge?" 5. Luister goed en maak oogkontak 6. Moenie die persoon kort-kort in die rede val nie. 7. Na die onderhoud skryf die inligting dadelik oor in 'n verslag, berig of artikel terwyl alles nog vars in jou geheue is. 8. As dit moontlik is, e-pos jou berig aan die persoon om seker te maak al die inligting is reg. <p><u>Profielonderhoude</u></p> <p>Die doel van hierdie tipe onderhoud is om die mens met wie die onderhoud gevoer word, aan die lesers bekend te stel. Goeie profielonderhoude bevat interessante aanhalings en feite wat lesers graag weer wil oorvertel.</p> <p>As die leerders iemand in hul omgewing ken wat bekend is (<i>Makhaya Ntini</i> of <i>Mark Boucher</i>) of iets interessants doen,</p>		<p>Verkort die aktiwiteit</p> <p><u>Swak siende:</u> Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter font gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatalyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)</p>
---	---	--	--

<p>hoe die hoofkenmerke daarvan tot die funksie van die teks bydra (soos lang gedigte, kort romans, koerantberigte, dagboeke, brieve, boekresensies, kort dramas).</p> <p>As 7 Evalueer tegnieke wat in visuele, geskrewe en multimedia-tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> die doeltreffendheid van literêre tegnieke en taalgebruik; die impak van ontwerpstegnieke (soos die soort en posisie van kunswerk, die gebruik van kleur); die impak van kamera- en filmtegnieke (nabyskote, zoemskote, kamerahoek en terugflitse). <p>As 8 Reageer krities op tekste:</p> <ul style="list-style-type: none"> evalueer die skrywer se standpunt; evalueer implisiële (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel, gee eie mening en bespreek ander moontlikhede; bespreek hoe die sosiale en kulturele konteks die boodskap beïnvloed. <p>As 10 Dink na oor en evalueer sy/haar eie vaardighede as leser.</p> <p><u>Lu 4 Skryf</u></p> <p>As 1 Skryf 'n wye verskeidenheid verbeeldingstekste: gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;</p>	<p>moet hulle gerus 'n afspraak maak met die persoon en voer 'n onderhoud met die persoon. Voordat julle die artikel vir jul skoolkoerant skryf doen eers die volgende.</p> <p>Watter vrae gaan julle vra? Watter voorbereidings gaan jy vir die onderhoud tref.</p> <p>Groepwerk: Laat die leerders deur die koerante blaai en berigte kies waar die inligting regstreeks uit onderhoude verkry is. Dit kan ook berigte oor bekendes wees. Laat die leerders die berigte klassifiseer volgens die soort onderhoud wat gevoer is.</p> <p>Die leerders moet in hul groepe probeer uitvind wat was die joernalis se doel met die onderhoud? Wat was die trant van die onderhoud? Is dit feitelijk, menings en idees? Is daar 'n profiel wat die agtergrond van 'n bekende persoon skets?</p> <p>Laat die leerders tel hoeveel van elke soort berig in die koerant verskyn. Vra die leerders om te probeer aflei watter vrae tydens die onderhoud gevra is. Die leerders kan berigte uit die koerant knip en 'n plakkaat maak om die verskillende soorte onderhoude te illustreer. Plak dit langs die vrae wat hulle dink die joernalis gevra het.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u> (ons skryf 'n brief aan die koerant)</p> <p>Blaai na die briewekolom van die koerant. Kies 'n brief wat snaaks of oorspronklik is en lees dit vir jou maat. Kyk of jy en jou maat kan agterkom watter kenmerke die meeste briewe het. (<i>deesdae kla almal net</i>)</p> <p>Sit pen op papier. Dink jy ouers het rede om te kla oor lui en slordige tieners/kinders? Voel die tieners/kinders dalk afgeskeep omdat hul ouers so min huis is? Skryf 'n brief aan die koerant oor die kwessie.</p> <p>Skryf jou brief aan die koerant eers rof uit. Sê in die inleiding waaroor jou brief gaan. Skryf net een idee of argument in 'n</p>	<p>Gonsgroep Kooperatiewe leer groepwerk</p>	<p><u>Skryfprobleme</u></p> <p>Hou jou sinne kort Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer praktiese van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde</p>
--	---	--	--

<p>verken die kreatiewe, kritiese en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekskrywings, vriendskaplike brieue, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.</p> <p>As 4 Gebruik die skryfproses onafhanklik en met gemak om tekste te skep:</p> <p>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinksrumtegnieke, kopkaarte, vloeidiagramme en lyste;</p> <p>gebruik toenemend ingewikkeld tekssoorte as skryfmodelle;</p> <p>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;</p> <p>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;</p> <p>ontleed konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, perspektief, leser se reaksie, taalgebruik, partydigheid, 'n ingewikkelder struktuur en verskeie styltegnieke in gedagte tydens hersiening;</p> <p>ontleed eie en ander se skryfwerk, evaluateer, maak aanbevelings en toon sensitiwiteit vir ander se regte, gevoelens en persoonlike styl;</p> <p>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;</p> <p>skryf die finale produk en gee aandag aan</p>	<p>paragraaf. Maak die slot 'n samevatting van jou brief. Gaan jou spelling en leestekens na. Ruil jul brieue uit en help mekaar om dit te verbeter. Skryf of tik jou brief netjies oor.</p> <p>Aktiwiteit 4 (opname en som dit op in tabelvorm)</p> <p>Die leerders gaan 'n opname doen en die inligting in 'n verslag verwerk. Die leerders moet ook 'n onderhou beplan en voer en die inligting in 'n tabelvorm oopsom.</p> <p>Is die gr 8 leerders tv-slave?</p> <p>Die gr 9 klas ontwerp 'n vorm sodat hulle presies kan vasstel hoeveel uur iemand per dag en per week voor die TV sit. Doen dan 'n opname onder die gr 8 klasse van jul skool om vas te stel hoeveel tyd hulle aan TV-kyk bestee.</p> <p>Verwerk die inligting en bepaal die gemiddelde weeklikse kyktyd per leerder. Skryf 'n verslag onder die volgende opskrifte: Feite Gevolgtrekings Mening Aanbeveling</p> <p>Julle kan jul verslag aan kykNET se Opvoedkundige Dienste stuur.</p> <p>Die graad 9 klas gaan nou onderhoude voer oor die voordele en nadade van TV-kyk.</p> <p>Verdeel in groepe en stel 'n paar vrae saam. Elke groep voer onderhoude met 3 volwassenes en 3 tieners. Werk twee-twee. Na die onderhoude stel elke groep 'n tabel op waarin die voordele en nadade opgesom word. Vergelyk die groepe se tabelle. Watter ooreenkoms en verskille is daar?</p> <p>Aktiwiteit 5 (lees 'n spotprent)</p> <p>Bring 'n klomp spotprente klas toe. Kies 3 spotprente en skryf kortliks neer wat die boodskap van elkeen is. Is dit 'n goeie manier om die boodskap oor te dra? Hoekom sê jy so?</p>	<p>Maats bv. In pare Skryf 'n gedig</p>	<p>moet erken word</p> <p>Hiperaktiewe kind: Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p> <p>Begin by die bekende enbou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p>
--	---	---	---

<p>aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.</p> <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u></p> <p>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:</p> <p>pas denk- en redenasievoardighede in verskeie kontekste oor die kurrikulum heen en in persoonlike omstandighede toe;</p> <p>herken en bespreek die skrywer se belangrikste standpunt en perspektief in verskillende tekssoorte;</p> <p>ontleed oorsaak en gevolg in meer diepte in literêre tekste oor die kurrikulum heen (soos deur die onderliggende oorsake en nie die vanselfsprekende nie, te soek);</p> <p>ontwikkel en gebruik redenasie wat:</p> <p>die logika duidelik aan die leser/luistenaar maak,</p> <p>reaksies en teenkanting antisipeer</p> <p>stel 'n teenargument en verskaf alternatiewe;</p> <p>gebruik feitelike inligting en interpreteer statistiek met toenemende selfvertroue om argumente te staaf;</p> <p>gebruik eie ervaringe om 'n standpunt te motiveer;</p> <p>gebruik vrae, afleiding en analise om kritiese denke te onwikkelen en probleemoplossing te bevorder</p> <p>As 3 Verwerk inligting:</p> <p>eksperimenteer met verskillende maniere om aantekeninge te maak (soos die gebruik van afkortings ter wille van spoed);</p>	<p>Onthou 'n spotprent lewer op 'n grappige wyse kommentaar op 'n nuusgebeurtenis. Die spotprent het min woorde. Die prent dra die eintlike boodskap oor.</p> <p><u>Aktiwiteit 6</u> (Wat is 'n hoofartikel?)</p> <p>Elke koerant het 'n hoofartikel. Dit verskyn in elke uitgawe, gewoonlik op die middelblad saam met die spotprent en die brieve van lesers. Dit word geskryf deur die redakteur.</p> <p>Die hoofartikel is die plek waar die redakteur kommentaar lewer op iemand of iets wat in die nuus is. Hy kan bv. skryf wat hy dink van skole wat sluit weens te veel leerders wat varkgriep onder lede het.</p> <p><i>Wees versigtig met kommentaar in jul skoolkoerant: julle kan van laster aangekla word as julle iemand slegsê of leuens publiseer.</i></p> <p><u>Aktiwiteit 7</u> (Wat is kommentaar?)</p> <p>Daar is verskillende soorte kommentaar bv. persoonlike kommentaar, politieke kommentaar, en sportkommentaar.</p> <p>Luister na die nuus oor die radio en lewer in groepe kommentaar op een van die gebeure. Lewer ook kommentaar op die aanbieder se stem, aksent en aanbieding. Praat hy/sy te vinnig, te stadig, onduidelik?</p> <p>Bring 'n paar koerante klas toe. Kyk of die leerders kan agterkom wat feite en wat kommentaar is. Kies enige berig in die koerant en skryf jou eie kommentaar daarop.</p> <p>Neem die radioprogram , "Kommentaar" op Sondagaande op RSG net na 20:00 tot 20:35 op band en speel dit aan die klas voor.</p> <p><u>Aktiwiteit 8</u> ('n Klassoefening)</p>		
--	--	--	--

<p>vind en vat inligting saam deur luister-, lees-, skryf- en kykvaardighede te gebruik;</p> <p>kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;</p> <p>verander inligting van een formaat of taal na 'n ander (kodewisseling of vertaling);</p> <p>evalueer die betroubaarheid en geldigheid van inligting uit gedrukte en ander mediabronne (soos oor aktuele sake);</p> <p>skryf en praat deur toenemend kompleks taal en grammaticale strukture vir duidelikheid en substansie te gebruik.</p>	<p>Deel jou leerders op in groepies (koöperatiewe groepies)</p> <p>Kies 'n nuusberig in 'n koerant. Beoordeel die berig volgens die lys.</p> <ul style="list-style-type: none"> ✓ Kan die leerders die belangrikste feite uit die inleiding haal? ✓ Lok die inleiding die leser om verder te lees? ✓ Word die volgende vrae (<i>wie?, wat?, wanneer?, waar?, waarom?, hoe?</i>) in die berig beantwoord? ✓ Is die berig interessant? ✓ Hoeveel aanhalings is in die berig gebruik? ✓ Word daar gesê wat in die nabye toekoms gaan gebeur? ✓ Is die storie verstaanbaar? Lees dit maklik? <p>'n Mens kry verskillende soorte berigte in 'n koerant: <i>nuus, sport, ondersoekend, profielonderhoude</i>.</p> <p>'n Goeie berig moet die 6 vrae (<i>wie?, wat?, wanneer?, waar?, waarom?, hoe?</i>) in die eerste paar paragrawe beantwoord, maar 'n uitstekende berig vra nog 'n sewende vraag: "En wat daarvan?"</p> <p style="text-align: center;">Die 6 vrae</p> <p>WIE? Wie is almal betrokke? Wie is die belangrikste mense in die storie? Watter ander mense weet miskien meer oor wat gebeur het? Dié mense se woorde word tussen aanhalingstekens geplaas.</p> <p>WAT? Wat het gebeur?</p>		
--	---	--	--

<p>en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;</p> <p>verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hou nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;</p> <p>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;</p> <p>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.</p> <p>As 2 Werk met sinne:</p> <p>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:</p> <ul style="list-style-type: none"> * selfstandige naamwoorde (soorthname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.), * voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik), * voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik), * adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensieve vorme; letterlike en figuurlike gebruik), * hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbinding), * bywoorde (ook in vaste verbinding), 	<p>WANNEER? Brei meer uit oor wanneer dit gebeur het.</p> <p>WAAR? Waar het alles gebeur? Watter straat, of was dit in 'n winkelsentrum of 'n huis?</p> <p>WAAROM? Dis nie altyd maklik om die rede vir die gebeure vas te stel nie, maar van die vroe wat kan help, is: <i>Waarom het dit gebeur?, Waarom is die mense betrokke? Is die gebeure normaal?</i></p> <p>HOE? Die hoe-vraag laat lesers die storie beter verstaan. Lesers wil graag weet hoe die dinge gebeur het. In 'n geval van 'n ramp soos 'n vloed wil die lesers weet hoe dit in die toekoms voorkom kan word. Wat gaan die regering doen en dis op dié soort vroe dat die joernalis antwoorde moet kry.</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 10px; margin-top: 10px;"> <p><i>Lesers sal 'n koerantberig wel lees as dit hulle raak of iets met hul daagliks lewe te doen het. Dit moet dus 'n verskil in iemand se lewe kan maak.</i></p> </div> <p>Aktiwiteit 8 (skryf 'n sportberig)</p> <p>Anders as in nuusberigte mag jy wel in sportberigte kommentaar lewer.</p> <p>Laat die leerders 'n sportbyeenkoms bywoon (<i>interskole</i>) en terug kom klas toe en die storie so skryf dat die leser (<i>die onderwyser</i>) moet voel asof hy self by die sportgebeure was. Jy kan self jou eie mening uitspreek.</p> <p>Ruil jul sportberigte uit en help mekaar om dit te verbeter.</p>	
---	--	--

<ul style="list-style-type: none"> * voegwoorde, * determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde), * telwoorde, * tussenwerpsels, * voorsetsels; <p>verstaan die grammatikale verskil tussen en funksie van sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;</p> <p>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde direkte en indirekte voorwerp en bywoordelike bepalings;</p> <p>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;</p> <p>gebruik tydsvorme korrek en om fokus te wissel, soos die teenwoordige tyd kan 'n gevoel van onmiddellikhed skep;</p> <p>gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;</p> <p>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is en hoe dit betekenis kan beïnvloed;</p> <p>verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde en wissel die gebruik van die twee vorme gepas;</p>	<p>Aktiwiteit 9</p> <p>Verbeel jou 'n koerant sonder foto's. 'n Foto kan soms so goed wees dat dit die boodskap beter oordra as die berig self.</p> <p>Daar is 'n verskeidenheid van foto's:</p> <p>NUUSFOTO'S: bv. groep mense wat betoog</p> <p>SPORTFOTO'S: bv. Goeie aksiefoto</p> <p>STEMMINGSFOTO'S: bv. Nie noodwendig nuus uitbeeld nie, maar 'n mooi prentjie skilder, soos koringlande na die reën</p> <p>Aktiwiteit 10 (praktiese oefening)</p> <p>As jy dink jou leerders beskik oor die nodige kennis en vaardigheid om hul eie koerant met die verskillende berigte saam te stel – laat hulle dit prakties uitvoer. Begin jou eie skoolkoerant of klaskoerant.</p> <p>Verdeel hulle in groepies en laat elke groepie hul eie redakteur en span joernaliste saamstel met hul onderskeie take en verantwoordelikhede.</p> <p>Aktiwiteit 11 (Nuwe woordekat)</p> <p>Die naam van die koerant soos dit op die voorblad verskyn, word 'n mashoof genoem.</p> <p>Het jou leerders geweet 'n mens noem die groot vet opschrift van 'n nuusberig 'n kop?</p> <p>Die verslaggewer wat die berig geskryf het, se naam verskyn by die berig en word die naamreël (<i>byline</i>) genoem.</p>		
--	--	--	--

<p>gebruik die ontkennende vorm korrek en op verskillende maniere;</p> <p>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroopteken, aandagstreep, hakies, beletselteken, aanhalingsstekens, skuinsstreep).</p> <p><u>As 3 Werk met tekste:</u></p> <p>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;</p> <p>gebruik verbindingswoorde (soos nietemin, verder) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;</p> <p>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde enwoordherhaling (waar gepas) te gebruik;</p> <p><u>As 4 Ontwikkel bewusheid en gebruik van styl:</u></p> <p>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;</p> <p>onderskei tussen formele en informele taalgebruik en verduidelik wanneer dit gepas is;</p> <p>verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukings en taalidioom gepas en kreatief.</p> <p><u>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewusheid:</u></p> <p>identifiseer konnotasie en denotasie in betekenis, geïmpliseerde betekenis, veelvoudige betekenis en dubbelsinnigheid;</p> <p>ontleed manipulerende en retoriiese taal en herskryf</p>	<p>Fotograwe se name word ook by hul foto's gepubliseer – dit noem 'n mens 'n erkenningsreël.</p> <p><u>Aktiwiteit 12</u></p> <p>Doen taaloefeninge soos die volgende:</p> <p><u>Vul die leestekens in:</u></p> <p><i>Hoeveel uur per week kyk jy TV vra hy</i></p> <p><i>Pa sê jy sal vet word van net sit en TV kyk.</i></p> <p><u>Watter woorde moet aanmekaar geskryf word?</u></p> <p><i>Die program rooster lyk heel week maar dood vervelig.</i></p> <p><u>Skryf die regte spelling van die volgende:</u></p> <p><i>Satteliet, regisseur, programe, tellevisie, dekordeerder</i></p> <p><u>Skryf die korrekte en suiwer afrikaans neer vir die volgende:</u></p> <p><i>tape dit, rewind, action-fliek, remote control, age restriction</i></p>		
--	--	--	--

<p>dit sonder emosionele ondertone;</p> <p>ontleed die gebruik van woorde wat sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.</p> <p>As 6 Gebruik metataal:</p> <p>gebruik byvoorbeeld terme soos "samehangend", "logies", "retories", "kommapunt".</p>			
<p>Hulpmiddels:Leesboek, Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, TV , videobande</p> <p>Nabetragsing:</p>			

Kontrolelys vir die skryf van 'n berig

VEREISTES	JA	NEE
Het 'n treffende opskrif/kop		
Vra altyd: wie, wat, waar en wanneer <i>(Is dit hier gedoen?)</i>		
Die inleidingsin moet bogenoemde inligting (wie/wat/waar/wanneer) insluit		
Pargrawe is kort (moet meer info oor die gebeure, mense, die plek ens. bevat)		
Gebruik kort sinne eerder as lang sinne		
Goeie slot vat alles saam		
KOMMENTAAR:		

LESPLAN

(DRAMA)

Afrikaans Huistaal

Konteks: Drama

Tyd:	3 weke	Graad:9	
ONDERWYSER AKTIWITEIT	LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING <i>(ons stel die volgende voor)</i>	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die volgende drama voor aan die leerders. Toets die leerders se vooraf kennis. Wat weet hulle van 'n drama of die opvoering van 'n toneelstuk?</p> <p><u>Lu 1 Luister</u></p> <p>As 1 Luister na en waardeer 'n verskeidenheid komplekse verbeeldings- en informatiewe mondelinge tekste (soos radiodramas, geselsprogramme, dokumentêre, gedramatiseerde gedigte, boekresensies).</p> <p>As 4 Identifiseer en bespreek die gebruik van nie-verbale strategieë (soos oogkontak, liggaamstaal, stemtoon en die gebruik van pouses).</p> <p>As 6 Identifiseer die waardes en die historiese,</p>	<p><u>Nota aan onderwyser:</u> (sien jou Prov Ass Guideline bl 16)</p> <p>Onthou EATS word vanaf 16 Nov tot 30 Nov behandel.</p> <p>Onthou Taak 8 van die Derde kwartaal word ook in hierdie kwartaal behandel. Moenie vergeet dat jou DASS tel 60% en EATS tel 40% (sien nuwe recording sheet aangeheg)</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Onderwyser lees die volgende drama voor aan die leerders.</p> <p>Leerders moet op let na die manier waarop die dramaturg aan die akteurs voorskryf hoe om hulle stemme en liggeme te gebruik om die dialoog te ondersteun. Leerders moet ook seker maak dat hulle al die woorde verstaan. Al die woorde wat die leerder teékom wat hy nie ken nie, moet hy neer skryf in sy eie persoonlike spelboekie. Leerders moet ook woorde</p>	<p>Onderwyser</p> <p>Woordeboekgebruik saam met 'n maat</p> <p>Eie spelboekie</p> <p>Kundige van buite</p> <p>Onderwyser met die</p>	<p>Skaam leerders of leerders met 'n spraakgebrek kan help met die bou van die stel.</p> <p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke</p>

<p>sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.</p> <p><u>Lu 2 Praat</u></p> <p>As 1 Dra idees en gevoelens onafhanklik op 'n kreatiewe, ekspressiewe e verbeeldingryke manier met selfvertroue oor deur 'n wye verskeidenheid mondelinge tekssoorte te gebruik (soos dramas, rolspel, liedjies).</p> <p>As 4 Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, debatte en ondersoeke deel te neem:</p> <p>bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);</p> <p>stel ondersoekende vrae;</p> <p>oorred ander;</p> <p>toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;</p> <p>bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.</p> <p>As 5 Doen mondelinge aanbiedings akkuraat en kreatief deur aandag te skenk aan:</p> <p>die gebruik van pousies, die wisseling van tempo en volume op strategiese plekke;</p> <p>doel en teikengroep;</p> <p>liggaamshouding, gebare, liggaamstaal en gesigsuitdrukkings om die gehoor te boei;</p>	<p>op soek wat hulle nie ken in 'n woordeboek en dan saam met die betekenis in sy spelboekie te skryf.</p> <p>Die onderwyser moet aandag gee aan die taal (<i>is daar enige sleng? – verduidelik aan die leerders die korrekte betekenisse</i>)</p> <p>beeldel en literêre stylmiddels wat die dramaturg gebruik. Indien die drama bedoel is om opgevoer te word, moet leerders 'n beeld vorm van hoe die akteurs se dialoog en handelinge die geskrewe woorde gestalte laat kry.</p> <p>Die leerders moet toegelaat word om deel te neem aan die verhooginkleding, dekor (<i>ontwerp/bou</i>), beligting, besluitneming van die gebruik in rekwisiete, klankeffekte, en kostuums (<i>ontwerp en maak daarvan of die soek daarna in tweedehandse winkels</i>)</p> <p>Daar is skole in die Oos-Kaap wat drama as vak aanbied – laat die onderwyser van 'n buurskool kom help met die assessorering. (<i>meer objektief?</i>)</p> <p><u>Aktiwiteit 2</u></p> <p>Gee die leerders kans om te dink oor die karakters se handelinge, of dit gemotiveerd is en oor konflik.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Laat die leerders die drama se buiteblad interpreteer.</p> <p>Kyk of jou leerders die volgende vrae in groepies kan beantwoord:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Watter inligting gee die titel oor die drama? ▪ Hoekom dink jy is die spesifieke lettertipe (styl) gebruik vir die titel? 	<p>nodige vakkennis van 'n ander skool kom help</p> <p>Self</p> <p>Die hele klas</p> <p>Klasbespreking</p>	<p>drama wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n glimpen ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p>
--	--	--	---

<p>verskeie aanbiedingsmetodes;</p> <p>register;</p> <p>stemtoon</p> <p>formaliteitsgraad</p> <p>verskillende sosiale en kulturele konvensies;</p> <p>gepaste tegnieke soos klimaks, antiklimaks, hiperbool en retoriiese vrae.</p> <p>As 6 Evalueer die sukses van eie kommunikasie en verbeter daarop.</p> <p><u>Lu 3 Lees en Kyk</u></p> <p>As 1 Lees 'n wye verskeidenheid tekssoorte en dikwels vir genot en inligting, bespreek persoonlike reaksie, die tekssoorte wat hy/sy geniet en beveel tekste vir ander aan.</p> <p>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleinde deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).</p> <p>As 6 Toon begrip van 'n teks, die doel daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur die intrige, temas, waardes, karakters en ruimte/agtergrond te bespreek.</p> <p>As 10 Dink na oor en evalueer sy/haar eie vaardighede as leser.</p> <p><u>Lu 4 Skryf</u></p> <p>As 1 Skryf verskeie verbeeldingstekste:</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Wat kan ons voorspel gebeur in die drama na aanleiding van die illustrasie? ▪ Waarom dink julle is 'n karikatuur/illustrasie/foto/koerantuitknipsel met datum op gebruik as voorblad? Hou julle daarvan? ▪ Wat sêdie buiteblad omtrent die boek se bedoelde teikengroep? Speel geslag/ouderdom/ kulturele oorwegings 'n rol? ▪ Word 'n karakter voorgestel? Lewer kommentaar op liggaamshouding, klere, gesigsuitdrukking, gebare en die gebruik van kleur. ▪ Word die ruimte/agtergrond van die drama voorgestel? Beskryf dit en sê wat jy daaruit van die drama of karakters kan voorspel. ▪ Watter soort drama word deur die illustrasie voorgestel? ▪ Kan jy 'n moontlike tema uit die illustrasie aflei? ▪ Wanneer jy na die omslag van die drama kyk, kan jy aflei waaroor die drama gaan? <p>Daar is geen verkeerde antwoorde nie. Laat die leerders toe om vrylik hul menings/opinies uit te spreek.</p> <p>Aktiwiteit 4</p> <p>Gesels met die leerders oor die belangrikste kenmerke van 'n drama.</p> <p>Vra die leerders wie van hulle al na 'n verhoogdrama gaan kyk het. Hierdie leerders kan baie bydra tot die gesprek en van hul eie ervarings vertel. Gesels veral oor die volgende kenmerke: karakters, dialoog, toneelaanwysings,</p>	<p>Klasgesprek</p>	<p>Leerders met 'n spraakgebrek</p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akommodeer</p> <p>Skryfprobleme</p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p>
--	--	--------------------	--

<p>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;</p> <p>verken die kreatiewe, kritiese en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerike en liedjies.</p> <p>As 3 Toon basiese vaardighede in spesifieke skryfteknieke gepas vir 'n tekssoort:</p> <p>ontwikkel karakters, beskryf die ruimte/agtergrond, ontwikkel die intrige in verhalende en beskrywende tekste;</p> <p>As 4 Gebruik die skryfproses onafhanklik en met gemak om tekste te skep:</p> <p>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinksrumtegnieke, kopkaarte, vloeidiagramme en lyste;</p> <p>gebruik toenemend ingewikkelde tekssoorte as skryfmodelle;</p> <p>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;</p> <p>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;</p> <p>ontleed konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, perspektief, leser se reaksie, taalgebruik, partydigheid, 'n ingewikkelder struktuur en verskeie styltegnieke in gedagte tydens hersiening;</p> <p>ontleed eie en ander se skryfwerk, evaluateer, maak</p>	<p>toneelindeling, rekvisiete, dekor en kostuums.</p> <p>Aktiwiteit 5</p> <p>'n Drama of toneelstuk vertel 'n storie, maar dit word anders as 'n gewone storie geskryf. Die name van die karakters word aan die linkerkant geskryf en dan lees 'n mens wat hulle sê in die vorm van 'n dialoog.</p> <p>'n Mens kan 'n drama soos 'n storie lees, maar dit moet eintlik soos 'n konsert opgevoer word. Dit is lekker om 'n drama/toneelstuk op 'n verhoog op te voer, maar in die klas, in die skoolsaal of selfs buite op die skoolterrein is net so goed.</p> <p>Aktiwiteit 6 ('n Praktiese oefening)</p> <p>Verdeel die leerders in groepe van sewe lede elk. Ken aan elke lid 'n rol toe. Die leerders moet tuis die toneelstuk voorberei om hardop in die klas te kom lees.</p> <p>Onthou die volgende wanneer jy hardop lees.</p> <ul style="list-style-type: none"> ✓ Spreek jou woorde korrek uit volgens die teks ✓ Lees vlot, nie woord vir woord nie ✓ Moenie woorde uitlaat of byvoeg nie ✓ Verstaan wat jy lees sodat jy later kan vertel wat gebeur in die artikel ✓ Lees hoorbaar en duidelik ✓ Probeer om oogkontak met die gehoor te maak ✓ Toon gepaste gesigspel <p>Laat die leerders mekaar evalueer.</p>	<p>Praktiese oefening</p> <p>'n Praktiese oefening</p> <p>Hardop lees</p> <p>Portuurgroepassessering</p> <p>Koöperatiewe leer</p>	<p>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom</p>
---	--	---	---

<p>aanbevelings en toon sensitiwiteit vir ander se regte, gevoelens en persoonlike styl;</p> <p>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;</p> <p>skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.</p> <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u></p> <p>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:</p> <p>pas denk- en redenasievaaardighede in verskeie kontekste oor die kurrikulum heen en in persoonlike omstandighede toe;</p> <p>herken en bespreek die skrywer se belangrikste standpunt en perspektief in verskillende tekssoorte;</p> <p>ontleed oorsaak en gevolg in meer diepte in literêre tekste oor die kurrikulum heen (soos deur die onderliggende oorsake en nie die vanselfsprekende nie, te soek);</p> <p>ontwikkel en gebruik redenasie wat:</p> <p>die logika duidelik aan die leser/luistenaar maak,</p> <p>reaksies en teenkanting antisipeer</p> <p>stel 'n teenargument en verskaf alternatiewe;</p> <p>gebruik feitelike inligting en interpreteer statistiek met toenemende selfvertroue om argumente te</p>	<p>Aktiwiteit 7 ('n Praktiese oefening)</p> <p>Vir hierdie aktiwiteit word Koöperatiewe groepe sterk aanbeveel.</p> <p>Jy as onderwyser identifiseer 'n opdrag en voer 'n klasbespreking daaroor sodat die leerders 'n agtergrondkennis daarvan opdoen. Die opdrag word gesamentlik in kleiner dele verdeel wat dan elk deur 'n spesifieke groep uitgevoer sal word.</p> <p>Die onderwyser gee aan elke groep vasgestelde kriteria vir die spesifieke deel van die opdrag. Lede skakel by 'n groep in waar hulle belangstelling lê, maar die onderwyser moet sorg dat groepe gebalanseerd bly. Dit word aanbeveel dat die groepe die volgende prosedure moet volg.</p> <p>Beplanning: Formuleer vrae en werkswyse</p> <p>Ondersoekverloop: Versameling van inligting, ordening en verwerking van inligting, evaluering en gevolgtrekking, beplan die aanbieding van die drama/toneelstuk</p> <p>Evaluering van die proses. Die Finale Produk en leerervaring: Groepe evalueer die proses en die produk volgens die voorafbepaalde vasgestelde kriteria. Lede moet hul eie vaardighede en die groep se effektiwiteit kan assesseer.</p> <p>Die opdrag vir Koöperatiewe leer</p> <p>Laat die leerders 'n moontlike grondplan van die verhoog/ klaskamer/ skoolterrein/amfiteater teken. Die grondplan moet van bo-af geteken word. Die groepe moet self besluit hoe hulle die ruimte gaan vul. Daar kan agtergrond op groot stukke hardebord geverf word om byvoorbeeld 'n venster, muur of deur voor te stel. (<i>Neem jou leerders 'n slag na die Grahamstadse fees toe om idees te kry!</i>)</p>	<p>Rubriek</p>	<p>ten alle tye bystaan</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p> <p>Swak siende: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter font gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatalyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op</p>
---	--	----------------	--

<p>staaf; gebruik eie ervaringe om 'n standpunt te motiveer; gebruik vrae, afleiding en analise om kritiese denke te onwikkeld en probleemoplossing te bevorder.</p> <p><u>Lu 6 Taalstruktur en Taalgebruik</u></p> <p>As 1 Werk met woorde: gebruik spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel en bespreek die strategieë wat gebruik word; skep eie spellys vir moeilike woorde, veral van woorde oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde; gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken); gebruik 'n woerdeboek en tesourus met selfvertroue, doeltreffend en gereeld om spelling, woordafleiding en die herkoms van woorde te ondersoek; gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor-en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskataf uit te brei; verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hou nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas; verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en</p>	<p>Teken die toneelspelers, elke karakter –hul bykomstighede Die leerders kan selfs prentjies uit tydskrifte plak van hoe hulle dink die karakters moet lyk.</p> <p>Laat die leerders maats uit die klas aan wys wie hulle dink die beste in die rolle sal pas en bereid is om voor die klas of selfs die skool die drama op te voer.</p> <p><i>Sien aangehegde assessoringsrubriek vir rolspel van 'n toneelstuk.</i></p> <p>Nota aan onderwyser:</p> <p>Ons weet nie watter tipe skryfstukke in die EATS gaan verskyn nie. Berei jou leerders voor op 'n verskeidenheid van kort skryfstukke waar hulle 'n beter kans staan om beter punte te kry indien die vorm, toon en taalregister korrek is.</p> <p>Aktiwiteit 8</p> <p>Stuur die uitnodigings uit per SMS, e-pos en per hand. Ontwerp die uitnodiging sodat dit pas by die tema van die drama/toneelstuk.</p> <p>Die uitnodigingskaartjie moet aan die volgende vereistes voldoen:</p> <ul style="list-style-type: none"> ➤ Aan die regte persone gerig word ➤ Die dag, tyd en plek aandui ➤ Sê watter tipe geleenthed dit is ➤ Die leser oortuig om die geleenthed by te woon ➤ Met die uiteensetting en kleurgebruik aandag trek <p>Die leerders kan hul eie formaat kies, daarom word hulle</p>	<p>Uitnodigings Sms of e-pos of handgeskrewe Kontrolelys</p>	<p>jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p>In die klaskamer Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is. Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p>Klaskameratmosfeer Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p>
--	---	--	---

<p>een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks; gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.</p> <p>As 2 Werk met sinne:</p> <p>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:</p> <ul style="list-style-type: none"> * selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.), * voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik), * voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik), * adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensieve vorme; letterlike en figuurlike gebruik), * hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbinding), * bywoorde (ook in vaste verbinding), * voegwoorde, * determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde), * telwoorde, * tussenwerpsels, * voorsetsels; <p>verstaan die grammatale verskil tussen en funksie</p>	<p>aangemoedig om kreatief te wees. Hulle moet aandag gee aan die tipe letters, die grootte van die letters en kleur.</p> <p>E-posbodeskappe vereis ook dat jy aandag aan jou spelling, interpunksie, taalvaardighede, toon en formaat moet gee. Die toon van jou uitnodiging behoort persoonlik en professioneel te wees.</p> <p>Die onderwerpreël en inleidende paragraaf moet die teikengroep se aandag trek en dit behou. Die ontvanger lees dit eerste.</p> <p>Gee jou uitnodiging vir jou maat om te lees voordat jy die finale uitnodiging inhandig.</p> <p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Die toneelstuk is 'n treffer. Jy word gevra om 'n onderhoud te voer met die 2 hoofkarakters vir jou skoolkoerant.</p> <p>Onthou dat 'n onderhoud is 'n formele gesprek tussen 2 persone. Die een persoon (die onderhoudvoerder) wil meer uitvind omtrent die ander persoon se lewe, werk of standpunt. Dit word gedoen deur die persoon vrae te vra wat hy moet beantwoord. Dit is egter belangrik dat die vrae 'n gesprek moet uitlok en nie net ja-of nee-antwoorde vereis nie.</p> <p>Laat die leerders in pare werk. Sorg dat een van die paar wel aan die toneelstuk deelneem terwyl die ander een die rol van die joernalis speel. Slegs 10 vrae mag gevra word. Nadat die pare die vrae uitgewerk het, gaan hulle 'n rolspel van die onderhoud doen.</p> <p><u>Aktiwiteit 10</u></p> <p>Skryf 'n resensie van die toneelstuk. As jy vashaak gaan kyk gerus by www.rsg.co.za en kliek op Leon se fliekrubriek</p>	<p>Rolspel 'n onderhoud</p>	<p>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.</p> <p>Sigbelemmerings: Leerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipies en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.</p> <p>Alle visuele materiaal moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in vetdruk gebruik word.</p> <p>Skryf 'n resensie Lees dit hardop voor aan die hele klas</p>
---	---	-----------------------------	---

<p>van sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;</p> <p>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde direkte en indirekte voorwerp en bywoordelike bepalings;</p> <p>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;</p> <p>gebruik tydsvorme korrek en om fokus te wissel, soos die teenwoordige tyd kan 'n gevoel van onmiddelikheid skep;</p> <p>gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;</p> <p>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is en hoe dit betekenis kan beïnvloed;</p> <p>verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde en wissel die gebruik van die twee vorme gepas;</p> <p>gebruik die ontkennende vorm korrek en op verskillende maniere;</p> <p>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepsteeken, aandagstreep, hakies, beletselteken, aanhalingstekens, skuinsstreep).</p> <p>As 3 Werk met tekste:</p> <p>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om</p>	<p>vir idees.</p> <p>Onthou dit is moontlik om terselfdertyd te prys en te kritiseer. Jy moet egter jou indrukke en opinies met die nodige bewyse kan aanvoer.</p> <p>Laat die leerders hul resensies hardop aan die klas voorlees nadat hulle dit geskryf het. Plaas die beste resensies in jul skoolkoerant of op die skool se kennisgewingborde.</p> <p><u>Aktiwiteit 11</u> (Vriendskaplike brief)</p> <p>Die leerders moet 'n vriendskaplike brief van gelukwensing aan een van hul toneelspelers (klasmaats) skryf wat die ontvanger/wenner is van die jaarlikse ATKV-prys vir die beste nuweling in 'n skoolproduksie.</p> <p>Melding moet gemaak word dat hy/sy baie struikelblokke in haar/sy skoolloopbaan ervaar het en dat sy /hy ten spyte van alles tog bo uitgekom het. Moet ook nie vergeet om die skoolmaat van julle te vertel hoe trots julle op hom of haar is nie.</p> <p>Onthou die adres en die datumregs bo in blokvorm. Laat 'n reël oop tussen paragrawe. Skryf 'n slotparagraaf wat treffend en anders is.</p> <p><u>Aktiwiteit 12</u> (Hersiening)</p> <p>Hoe goed ken jou leerders die direkte en die indirekte rede?</p> <p>Indirekte rede: Dit wat iemand anders gesê het, word nou oorvertel. Onthou dat geen dubbelpunt of aanhalingstekens word hier gebruik nie.</p> <p>Die voornaamwoorde verander asook die bywoorde van tyd en plek verander. Moenie vergeet dat die uitroepie het</p>	<p>Skryf van vriendskaplike brief</p> <p>Kontrolelys</p> <p>Rubriek</p> <p>Toets jou taalkennis kompetisie in die volgende 2 aktiwiteite</p>	<p>Gehoorbelemmerings</p> <p>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.</p> <p>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.</p> <p>Maak gebruik van die maatsysteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help</p>
---	---	--	--

<p>samehangende paragrawe te ontwikkel;</p> <p>gebruik verbindingswoorde (soos nietemin, verder) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;</p> <p>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;</p> <p>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:</p> <p>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;</p> <p>onderskei tussen formele en informele taalgebruik en verduidelik wanneer dit gepas is;</p> <p>verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukings en taalidioom gepas en kreatief.</p> <p>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:</p> <p>identifiseer konnotasie en denotasie in betekenis, geïmpliseerde betekenis, veelvoudige betekenis en dubbelsinnigheid;</p> <p>ontleed manipulerende en retoriiese taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;</p> <p>ontleed die gebruik van woorde wat sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.</p> <p>As 6 Gebruik metataal:</p> <p>gebruik byvoorbeeld terme soos "samehangend", "logies", "retories", "kommapunt".</p>	<p>omskrywings nodig en dat die tydsaanduiding van die werkwoord verander nie.</p> <p>Toets jou leerders deur middel van vraag en antwoord metode. Waar 'n leerder 'n antwoord verkeerd het laat die klas hom/haar help.</p> <p>Aktiwiteit 13</p> <p>Werk in pare. Stuur jou leerders met 'n glimpen (<i>highlighter</i>) in die hand na die vorige dag se koerant of enige ou uitgawe van 'n koerant.</p> <p>Laat hulle woorde met woorddele van vreemde herkoms onderstreep.</p> <p>Bv <i>ex officio-lid</i>, <i>ad hoc-komitee</i>, <i>en suite-badkamer</i>, <i>in camera-bespreking</i>, <i>in vitro-bevrugting</i></p> <p>Kyk wie die meeste kry. Kyk ook wie die betrokke woorde korrek kan verduidelik binne konteks.</p> <p>Die wenners kry 2 flikkaartjies. Bring die kompetisie element terug.</p>		<p>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.</p> <p>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word</p>
---	--	--	--

Hulpmiddels: Fotostaat van die Drama, Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,

TV , videobande van ander dramas om tegnieke te leer

Nabetragsing: Nie almal hou daarvan om te "perform" nie, maar dan kan hulle mos deel wees van die stelbouers of verwers of verkoop die kaartjies.